7.13 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (7.13) en die letter (A–D) neer.

Wat is die boodskap van die verhaal?

A Ons moet heerlik saam sing.
B Ons moet lekker saam dans.
C Ons moet vir mekaar kos gee.
D Ons moet mekaar met geld help. (1)

**[20]**

**OF**

**VRAAG 8: *TOM* – Jeanne Goosen**

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| "Ons het altyd goed wat aangery moet word," sê my broertjie.<br>"Ag, asseblief tog, man!"<br>"Dit was buitendien 'n hengse *bargain*," vervolg hy. "Weet jy wat betaal 'n mens vandag vir 'n góéie donkie? Goed. Die karretjie is nou wel 'n bietjie ... wel, 'n bietjie lamlendig, maar ...." |

8.1 Hoeveel het die broertjie vir die donkie en karretjie betaal? (1)

8.2 Was dit reg van die verteller om te sê dat die donkie halfdood was?
Antwoord JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

8.3 Wat moes die broertjie met die karretjie doen voordat hulle dit kon gebruik? (1)

8.4 Waarom het die broertjie die donkie jammer gekry? (1)

8.5 Sou jy die donkie gekoop het?
Antwoord JA of NEE en gee 'n rede vir jou antwoord. (1)

8.6 Wat het die broertjie gedoen om te wys hoe lief hy die donkie het? (1)

8.7 Tom kon enige plek naby hulle huis wei.

8.7.1 Is hierdie stelling WAAR of ONWAAR? (1)

8.7.2 Motiveer jou antwoord op VRAAG 8.7.1. (1)

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord die vrae.

| |
|---|
| "Hene, maar hy is lelik," sê ek en kom nader.<br>"Love at first fright," lag my broertjie.<br>"Nou maar wat gaan ons met Tom doen?" vra ek. "En ekskuus dat ek vra." |

8.8 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (8.8) en die letter (A–D) neer.

Die donkie het gelyk soos iemand wat lag.
In hierdie stelling is "**soos iemand wat lag**" 'n voorbeeld van ...

A kontras.
B 'n vergelyking.
C 'n simbool.
D 'n metafoor. (1)

8.9 Kies die KORREKTE antwoord.
Skryf net die vraagnommer (8.9) en die letter (A–D) neer.

Die broertjie het gehuil omdat . . .

A daar nie kos vir die donkie was nie.
B hy gevoel het dat die verteller hom gekritiseer het.
C hy nie draad gehad het vir 'n donkiekamp nie.
D daar skaafplekke op die donkie se blaaie was. (1)

8.10 Kies elke keer die inligting uit KOLOM B wat by die karakters in KOLOM A pas. Skryf net die vraagnommer (8.10.1–8.10.4) en die letter (A–E) neer, bv. 8.10.5 F.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 8.10.1 | Die broertjie | A | ... was nie goed vir Tom nie. |
| 8.10.2 | Die donkie | B | ... het gedink dat Tom lelik was. |
| 8.10.3 | Die vorige eienaar | C | ... het dadelik van die donkie gehou. |
| 8.10.4 | Die verteller | D | ... het nie al sy/haar tande gehad nie. |
| | | E | ... het na die groentetuin geloop. |

(4 x 1) (4)

8.11 Rangskik die gebeure in die KORREKTE volgorde volgens die storie.
Skryf net die vraagnommer (8.11) en letters (A–D) neer.

A Die donkie het sy kop innig teen die broertjie se lyf gedruk.
B Die broertjie het die donkie en die karretjie gekoop.
C Die broertjie spring op en gooi sy hande van blydskap in die lug.
D Die verteller het met die broertjie oor die donkie geraas. (4)

